

OFFICIAL GAZETTE

OF SOUTH WEST AFRICA.

OFFISIËLE KOERANT

UITGAWE OP GESAG.

VAN SUIDWES-AFRIKA.

PUBLISHED BY AUTHORITY.



1/-

Monday, 15th November, 1954.

WINDHOEK

Maandag, 15 November 1954.

No. 1865.

CONTENTS

INHOUD

PROCLAMATIONS—

- No. 199 (Union). Mo'or Carrier Transportation Act, 1930: Amendment of Local Transportation Areas. 1331
- No. 57. Powers conferred upon Commission appointed to enquire into the Purchase of a House by the Administration. 1331

GOVERNMENT NOTICES—

- No. 269. Village Management Board of Tsumeb: Amendment of Local Regulations. 1332
- No. 270. Municipality of Aus: Amendment of Commonage Regulations. 1332
- No. 271. Maximum Prices of Coal. 1333
- No. 272. Maximum Prices of New Motor Vehicles and New Motor Cycles: Amendment. 1333
- No. 273. Maximum Prices of New Motor Vehicles and New Motor Cycles: Amendment. 1334
- No. 274. Maximum Prices of New Motor Vehicles and New Motor Cycles: Amendment. 1334
- No. 275. Maximum Prices of Canned Rock Lobster. 1335
- No. 276. Maximum Prices of Cement. 1336
- No. 277. Maximum Prices of Agricultural Implements and Machinery: Amendment. 1336
- No. 278. Maximum Charges for Retreading of Tyres and Maximum Prices of Tyre Casings (Used): Amendment. 1336
- No. 279. Maximum Prices of Pharmaceutical Preparations (Amendment No. 5). 1337
- No. 280. Maximum Prices of Batteries (Lead Acid Type) Manufactured in the Union: Amendment. 1338
- No. 281. State-Aided Hospital Outjo: Hospital Fees. 1338
- No. 282. S.W.A. Farmer Employers of Contracted Natives: Amendment of Regulations. 1338
- No. 283. Ukuayamm Tribe Trust Funds: Alteration of Annual Rate. 1338
- No. 284. Native Reserve Board Krantzplatz: Appointment of Members. 1339
- No. 285. Bondels Native Reserve: Amended Tariff of Grazing Fees. 1339
- No. 286. Postal Regulations: Amendment to. 1339
- No. 287. Notification of duly Elected Members of the Legislative Assembly for the Electoral Divisions Gobabis and Outjo. 1340
- No. 288. Statistics relating to the Election of Members of the Legislative Assembly for the Electoral Divisions Gobabis and Outjo. 1340
- No. 289. State-Aided Hospital Windhoek: Hospital Fees. 1341
- No. 290. Commission of Enquiry re Purchase of House: Appointment of Member. 1343
- No. 2196 (Union). Customs Act, 1914: Imposition of an Ordinary Dumping Duty on Harbord. 1343
- No. 1069 (Union). S.A. Bureau of Standards: Standardization Mark. 1343
- No. 1032 (Union). S.A. Bureau of Standards: Surrender of Permit to apply Standardization Mark. 1344
- No. 1033 (Union). S.A. Bureau of Standards: Fees in respect of Permits to apply Standardization Marks. 1344
- No. 1034 (Union). S.A. Bureau of Standards: Standardization Mark. 1345
- No. 1037 (Union). Air Services Act, 1949: Schedule of Applications for the Grant of Licences. 1345

GENERAL NOTICES—

- No. 109. Election Expenses: Municipalities of Mariental, Swakopmund and Omaruru. 1346
- No. 110. Farms under Quarantine as at 1st October, 1954. 1347
- No. 111. Farms reserved from pegging: District Otjiwarongo. 1347
- No. 112. Area reserved from Pegging: Extension of Period. 1347
- No. 113. Area reserved from Pegging. 1347
- No. 114. Area reserved from Pegging for Marble, Gypsum and Shale. 1348

PROKLAMASIES—

- No. 199 (Unie). Mo'ortransportwet, 1930: Wysiging van Plaaslike Transport Gebiede. 1331
- No. 57. Magte verleen aan die Kommissie wat benoem is om ondersoek in te stel na die aankoop van 'n Huis deur die Administrasie. 1331

GOEWERMENSKENNISGEWINGS—

- No. 269. Dorpsbestuursraad van Tsumeb: Wysiging van Plaaslike Regulasies. 1332
- No. 270. Munisipaliteit Aus: Wysiging van Dorpsbestuursregulasies. 1332
- No. 271. Maksimum Pryse van Steenkool. 1333
- No. 272. Maksimum Pryse van Nuwe Motorvoertuie en Nuwe Motorfiets: Wysiging. 1333
- No. 273. Maksimum Pryse van Nuwe Motorvoertuie en Nuwe Motorfiets: Wysiging. 1334
- No. 274. Maksimum Pryse van Nuwe Motorvoertuie en Nuwe Motorfiets: Wysiging. 1334
- No. 275. Maksimum Pryse van Ingemaakte Kreef. 1335
- No. 276. Maksimum Pryse van Semot. 1336
- No. 277. Maksimum Pryse van Landbougeroedskap en -Masjinerie: Wysiging. 1336
- No. 278. Maksimum Vorderings vir die Verbruik van Buitebande en die Maksimum Pryse van Buitebande (Gehruikte): Wysiging. 1336
- No. 279. Maksimum Pryse van Farmaseutiese Preparate (Wysiging No. 5). 1337
- No. 280. Maksimum Pryse van Batterie (Loodsuurtipe) vervaardig in die Unie: Wysiging. 1338
- No. 281. S'aats-ondersteunde Hospitaal Outjo: Hospitaalgelde. 1338
- No. 282. S.W.A. Buerewerkgewers van Kontrakbinboorlinge: Wysiging van Regulasies. 1338
- No. 283. Ukuayamm Trustfonds: Wysiging van Jaarlikse Belasting. 1338
- No. 284. Na uellereiseiwerad Krantzplatz: Aanstelling van Lede. 1339
- No. 285. Bondels-Naturelreservaat: Gewysigde Tarief van Weigelde. 1339
- No. 286. Posregulasies: Wysiging van behoorlik verkose Lede van die Wetgewende Vergadering vir die Kiepsafdelings Gobabis en Outjo. 1340
- No. 287. Statistieke in verband met die verkiesing van Lede van die Wetgewende Vergadering vir die Kiepsafdelings Gobabis en Outjo. 1340
- No. 289. S'aats-ondersteunde Hospitaal Windhoek: Hospitaalgelde. 1341
- No. 290. Kommissie van Ondersoek insake die Aankoop van 'n Huis: Aanstelling van Lid. 1343
- No. 2196 (Unie). Doenewet 1914: Heffing van 'n gewone Dumpingreg op Harbord. 1343
- No. 1069 (Unie). S.A. Buro vir Standaard: Standaardmerke. 1344
- No. 1032 (Unie). S.A. Buro vir Standaard: Afstand-jening van Permit om Standaardmerke aan te bring. 1344
- No. 1033 (Unie). S.A. Buro vir Standaard: Gelde ten opsigte van Permite om Standaardmerke aan te bring. 1344
- No. 1034 (Unie). S.A. Buro vir Standaard: Standaardmerke. 1345
- No. 1037 (Unie). Wet op Lugdienste, 1919: Lys van Aansoeke om die Toestaan van Lisensies. 1345

ALGEMENE KENNISGEWINGS—

- No. 109. Verkiezingsuitgawes: Munisipaliteite van Mariental, Swakopmund en Omaruru. 1346
- No. 110. Plase onder Kwarantyn op 1 Oktober 1954. 1347
- No. 111. Plase teruggehou van Afsteek: Distrik Otjiwarongo. 1347
- No. 112. Strek teruggehou van Afsteek: Verlenging van Tydperk. 1347
- No. 113. Strek teruggehou van Afsteek. 1347
- No. 114. Strek teruggehou van Afsteek vir Marmer, Gips en Skalie. 1348

TENDER—

No. 13. Tenders for the Drilling of Five Boreholes in the Waterberg Block. 1348

ADVERTISEMENTS—

Estate Notices, etc. 1349

TENDER—

No. 13. Tenders vir die Boor van vyf Boorgate in die Waterberg Blok. 1348

ADVERTENSIES—

Boedelkenningsgewings, ens., ens. 1349

PROCLAMATION

BY HIS EXCELLENCY THE HONOURABLE ERNEST GEORGE JANSEN, DOCTOR OF LAWS, GOVERNOR-GENERAL OF THE UNION OF SOUTH AFRICA.

No. 199, 1954 (Union).]

LOCAL TRANSPORTATION AREAS. — THE MOTOR CARRIER TRANSPORTATION ACT, 1930 (ACT No. 39 OF 1930), AS AMENDED.

Under and by virtue of the powers vested in me by paragraph (b) of section eight of the Motor Carrier Transportation Act, 1930 (Act No. 39 of 1930), as amended, I hereby declare that the Local Transportation Areas described in the Schedule to Proclamation No. 334 of 1948, as amended by Proclamations Nos. 99 of 1950, 55 of 1951, 100 of 1953 and 250 of 1953 shall be further amended to the extent set forth in the Schedule annexed hereto with effect from the date of promulgation hereof.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at PRETORIA on this Fourteenth day of October, One thousand Nine hundred and Fifty-four.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

P. O. SAUER.

SCHEDULE.**LOCAL TRANSPORTATION AREAS.**

Area No.	Headquarters of Local Board.	Extent of Amendment.
2	BLOEMFONTEIN	By the substitution for the words "Fauresmith (excluding Middelveld Justice of Peace Ward)" of the words "Fauresmith (excluding Middelveld Justice of Peace Ward and subdistrict Koffiefontein)" and by the deletion of the word "Jagersfontein".
10	KIMBERLEY	By the substitution for the words "Fauresmith (Middelveld Justice of Peace Ward only)" of the words "Fauresmith (Middelveld Justice of Peace Ward and sub-district Koffiefontein only)" and by the deletion of the word "Koffiefontein".
14	POTCHEFSTROOM	By the addition of the magisterial districts of Theunissen, Welkom and Wesselsbron.

PROCLAMATION

BY THE HONOURABLE DANIEL THOMAS DU PLESSIS VILJOEN, ADMINISTRATOR OF SOUTH WEST AFRICA.

No. 57 of 1954.]

POWERS CONFERRED UPON THE COMMISSION APPOINTED TO ENQUIRE INTO THE PURCHASE BY THE ADMINISTRATION OF A HOUSE FROM MR. BERTIE MARITZ IN KEETMANSHOOP.

WHEREAS it is desirable to confer certain powers upon the Commission appointed by the Administrator to enquire into the purchase by the Administration of a house from Mr. Bertie Maritz in Keetmanshoop;

PROKLAMASIE

VAN SY EKSELLENSIE DIE EDELE ERNEST GEORGE JANSEN, DOKTOR IN DIE REGTE, GOEWERNEUR-GENERAAL VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA.

No. 199, 1954 (Unie).]

PLAASLIKE TRANSPORTGEBIEDE. — DIE MOTOR-TRANSPORTWET, 1930 (WET No. 39 VAN 1930), SOOS GEWYSIG.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by paragraaf (b) van artikel agt van die Motortransportwet, 1930 (Wet No. 39 van 1930), soos gewysig, verklaar ek hierby dat die Plaaslike Transportgebiede wat in die Bylae van Proklamasie No. 334 van 1948, soos gewysig by Proklamasies Nos. 99 van 1950, 55 van 1951, 100 van 1953 en 250 van 1953 omskryf word, met teruggang van die datum van uitvaardiging hiervan ooreenkomstig die Bylae hierby aangeleg, verder gewysig word.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te PRETORIA, op hede die Veertiende dag van Oktober, Eenduisend Negenhonderd Vier-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-Rade.

P. O. SAUER.

BYLAE.**PLAASLIKE TRANSPORTGEBIEDE.**

Gebied No.	Hoofkantoor van Plaaslike Rind.	Wysiging.
2	BLOEMFONTEIN	Deur die woorde „Fauresmith, (met uitsluiting van die vrede-regterswyk Middelveld)” te vervang deur die woorde „Fauresmith (met uitsluiting van die vrede-regterswyk Middelveld en die subdistrik Koffiefontein)” en deur die skraping van die woord „Jagersfontein”.
10	KIMBERLEY	Deur die woorde „Fauresmith (slegs die vrede-regterswyk Middelveld)” te vervang deur die woorde „Fauresmith (slegs die vrede-regterswyk Middelveld en die subdistrik Koffiefontein)” en deur die skraping van die woord „Koffiefontein”.
14	POTCHEFSTROOM	Deur die magistraatsdistrikte Theunissen, Welkom en Wesselsbron by te voeg.

PROKLAMASIE

VAN SY EDELE DANIEL THOMAS DU PLESSIS VILJOEN, ADMINISTRATEUR VAN SUIDWES-AFRIKA.

No. 57 van 1954.]

MAGTE VERLEEN AAN DIE KOMMISSIE WAT BENOEM IS OM ONDERSOEK IN TE STEL NA DIE AANKOOP DEUR DIE ADMINISTRASIE VAN 'N HUIS VAN MNR. BERTIE MARITZ TE KEETMANSHOOP.

NADemaal dit wenslik is om sekere magte aan die Kommissie te verleen wat deur die Administrateur benoem is om ondersoek in te stel na die aankoop deur die Administrasie van 'n huis van Mr. Bertie Maritz te Keetmanshoop;

NOW THEREFORE, under and by virtue of the powers in me vested by section one of the Commissions' Powers Ordinance, 1927 (Ordinance No. 6 of 1927), I do hereby proclaim, declare and make known as follows:—

The powers, jurisdiction and privileges set forth in sections three to seven of the Commissions' Powers Ordinance, 1927 (Ordinance No. 6 of 1927) are hereby conferred upon the said Commission.

The appointment of the said Commission is notified in Government Notice No. 290 dated the 15th day of November, 1954.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my hand and seal at Windhoek this 6th day of November, 1954.

D. T. DU P. VILJOEN,
Administrator.

SO IS DIT dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel een van die Magte van Kommissies Ordonnansie 1927 (O'donnansie 6 van 1927), hierby soos volg proklameer, verklaar en bekend maak:—

Die magte, regsrag en voorregte wat in artikels drie tot sewe van die Magte van Kommissies Ordonnansie 1927 (Ordonnansie 6 van 1927) uiteengesit is, word hierby verleen aan genoemde Kommissie.

Die benoeming van hierdie Kommissie word bekend gemaak by Goewermentskenningsgewing 290 van die 15de dag van November 1954.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Geggee onder my hand en seël te Windhoek hierdie 6de dag van November 1954.

D. T. DU P. VILJOEN,
Administrateur.

Government Notices.

The following Government Notices are published for general information.

J. NESER,
Secretary for South West Afrika.

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 269.] [15th November, 1954.

The Administrator has been pleased, under and by virtue of the powers in him vested by section fourteen of the Village Management Boards Ordinance, 1937 (Ordinance No. 16 of 1937), to approve of the undermentioned amendment of the regulations published under Government Notice No. 223 of 1951, as amended by Government Notice No. 120 of 1952, Government Notice No. 151 of 1952, Government Notice No. 188 of 1952, Government Notice No. 65 of 1954 and Government Notice No. 139 of 1954.

VILLAGE MANAGEMENT BOARD OF TSUMEB. AMENDMENT OF CHAPTER I OF LOCAL REGULATIONS.

CHAPTER 3: HEALTH.

The Local Regulations of the Village Management Board of Tsumeb are hereby amended by the deletion of the words "other than the delivery exit" where they appear in regulation 14 (b) and the substitution thereof of the word "thereof".

No. 270.] [15 November 1954.

The Administrator has been pleased, under and by virtue of the powers in him vested by sub-section (3) of section one hundred and sixty, read with section one hundred and ninety-nine, of the Municipal Ordinance, 1949 (Ordinance No. 3 of 1949), to approve of the undermentioned amendment of the regulations published under Government Notice No. 414 of 1951, as amended by Government Notice No. 44 of 1952, Government Notice No. 73 of 1953 and Government Notice No. 170 of 1954.

MUNICIPALITY OF AUS.

AMENDMENT OF COMMONAGE REGULATIONS.

Regulation No. 3 is hereby repealed and the following new regulation substituted therefor:—

"3. Every European owner of live-stock intending to graze stock on the commonage shall apply to the Town Clerk for a grazing licence. The applicant shall furnish the Town Clerk with particulars of the number and kind of stock sought to be grazed and a description of the brands or marks by which such stock may be identified. Upon the issue of such licence the Town Clerk shall register such particulars at the Municipal Office. Each European land owner or occupier of land within the Municipal area shall be allowed to so graze under licence as aforesaid:—

Goewermentskenningsgewings.

Die volgende Goewermentskenningsgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

J. NESER,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 269.] [15 November 1954.

Dit het die Administrateur behaag om, kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel veertien van die O'donnansie op Dorpsbesture 1937 (Ordonnansie 16 van 1937), sy goedkeuring te heg aan die onderstaande wysiging van die regulasies afgekondig by Goewermentskenningsgewing 223 van 1951, soos gewysig by Goewermentskenningsgewing 120 van 1952, Goewermentskenningsgewing 151 van 1952, Goewermentskenningsgewing 188 van 1952, Goewermentskenningsgewing 65 van 1954 en Goewermentskenningsgewing 139 van 1954.

DIE DORPSBESTUURRAAD VAN TSUMEB.

WYSIGING VAN HOOFSTUK I VAN PLAASLIKE REGULASIES.

HOOFSTUK 3: GESONDHEID.

Die Plaaslike Regulasies van die Dorpsbestuurraad van Tsumeb word hierby gewysig deur die woorde „verskaf en alle openings behalwe die bek met muskietdraad onttrek" te skrap waar dit in regulasie 14 (b) voorkom en met die woorde „voorsien en hul openings met muskietdraad toemaak" te vervang.

No. 270.] [15th November, 1954.

Dit het die Administrateur behaag om, kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by subartikel (3) van artikel eenhonderd-en-sestig, gelees met artikel eenhonderd nege-en-negentig, van die Munisipale O'donnansie 1949 (O'donnansie 3 van 1949), sy goedkeuring te heg aan die onderstaande wysiging van die regulasies afgekondig by Goewermentskenningsgewing 414 van 1951, soos gewysig by Goewermentskenningsgewing 44 van 1952, Goewermentskenningsgewing 73 van 1953 en Goewermentskenningsgewing 170 van 1954.

DIE MUNISIPALITEIT AUS.

WYSIGING VAN DORPSMEENTREGULASIES.

Regulasie 3 word hierby herroep en vervang met die volgende nuwe regulasie:—

„3. Elke blanke eienaar van lewende hawe wat voornemens is om vee op die dorpsmeent te laat wei moet by die Stadsklerk aansoek doen om 'n weilsensie. Die applikant moet die Stadsklerk voorsien van besonderhede van die getal en soort vee wat hy wil laat wei en 'n beskrywing van die merke of brande waardeur sy diere uitgaan kan word. By uitreiking van sodanige lisensie teken die Stadsklerk die besonderhede by die Munisipalekantoor aan. Elke blanke grondeienaar of bewoner van grond binne die Munisipalegebied, wat voormelde lisensie besit, mag hoogstens eenhonderd kleinvee en tien stuks grootvee op die Dorpsmeent

Not more than one hundred head of small stock and ten head of large stock on the commonage; provided the Board may at any time, by notice, alter the numbers.

The following tariff of fees shall be payable under the provisions of these regulations:—

- (a) For small stock: £1.0.0 per hundred or part thereof per month or part thereof.
- (b) For cattle: 1/3 per head per month or part thereof.
- (c) For donkeys, horses or mules: 2/6 per head per month or part thereof.
- (d) For Native employees in Aus, for small stock: 3d. per head per month or part thereof."

No. 271.]

[15th November, 1954.

PRICE CONTROL.

MAXIMUM PRICES OF COAL.

In terms of regulations 3, 9 and 12 of War Measure No. 49 of 1946, I, Harry de Lacy Burnham, Price Controller, do hereby throughout South West Africa and the port and settlement of Walvis Bay:—

1. Subject to the provisions of paragraph 2 hereof fix the maximum price at which any person, hereinafter referred to as the seller, may sell any coal to any other person at the price ordinarily charged by the seller during the month February, 1954, for like or similar coal to like or similar persons, or, if during the said period the seller did not sell like or similar coal or did not sell it to like or similar persons, at the price ordinarily charged during the said month for like or similar coal sold to like or similar persons by a seller of coal in the same or nearest locality, provided that the selling prices thus frozen may be increased by the actual amount of the increase in railage effective from 1st September, 1954.

2. Fix 9d. per ton as the maximum amount that any person engaged in truck trade may add to the collieries' net invoiced price of coal, except smithy peas and anthracite.

3. Direct that all prices referred to or specified in paragraph 1 hereof shall be inclusive of all delivery charges.

4. Direct that for the purposes of this notice—

"dealer" includes a purchaser and a distributor and an association of purchasers or distributors of coal;

"truck trade" relates to coal which is despatched to the purchaser in the original truck as loaded by the colliery.

5. Withdraw Government Notices Nos. 114 of 1st April, 1953 and 258 of 1st September, 1953, relating to the maximum prices of coal.

H. DE L. BURNHAM,

Price Controller.

NOTE.—The effect of this notice is to increase the maximum prices of coal by reason of the increased railage rates.

No. 272.]

[15th November, 1954.

PRICE CONTROL.

MAXIMUM PRICES OF NEW MOTOR VEHICLES AND NEW MOTOR CYCLES.

In terms of regulation 3 of War Measure No. 49 of 1946, I, Harry de Lacy Burnham, Price Controller, hereby amend Government Notice No. 83 of 8th April, 1954 (Maximum Prices of New Motor Vehicles and New Motor Cycles), as amended by Government Notice No. 207 of 20th August, 1954—

- (1) by the addition of the following makes and models to the First Schedule thereof—

laat loop; met dien verstande dat die Raad die getalle te eniger tyd, na goeddunke van die Raad, mag wysig.

Die volgende tarief van gelde sal betaalbaar wees kragtens hierdie regulasies:—

- (a) Vir kleinvee: £1.0.0 per honderd of gedeelte daarvan per maand of gedeelte van 'n maand.
- (b) Vir beesse: 1/3 per stuk per maand of gedeelte van 'n maand.
- (c) Vir donkies, perde en muile: 2/6 per stuk per maand of gedeelte van 'n maand.
- (d) Vir Naturelle werknemers in Aus: vir kleinvee: 3d. per stuk per maand of gedeelte van 'n maand."

No. 271.]

[15 November 1954.

PRYSBEHEER.

MAKSIMUM PRYSE VAN STEENKOOLO.

Ek, Harry de Lacy Burnham, Pryscontroleur, handelende kragtens regulasie 3 van 12 van Oorlogsmatreël No. 49 van 1946, bepaal hierby vir Suidwes-Afrika en die hawe en nedersetting Walvisbaai as volg:—

1. Onderworpe aan die bepalings van paragraaf 2 hiervan, is die maksimum prys waarteen iemand, hierna genoem die verkoper, steenkool aan iemand anders mag verkoop, die prys wat gewoonlik deur die verkoper gedurende die maand Februarie 1954 vir cenderse of soortgelyke steenkool gegee is wanneer dit aan cenderse of soortgelyke persone verkoop is, indien die verkoper nie gedurende genoemde tydperk cenderse of soortgelyke steenkool verkoop het, of dit nie aan cenderse of soortgelyke persone verkoop het nie, die prys wat gewoonlik gedurende genoemde maand vir cenderse of soortgelyke steenkool aan cenderse of soortgelyke persone gegee is deur 'n verkoper van steenkool in disselfde of naaste omgewing: Met dien verstande dat die verkooppryse aldus bevestig, met die werklike bedrag van die spoorwagverhoging wat met ingang van 1 September 1954 van krag word, verhoog kan word.

2. Die maksimum bedrag wat iemand wat „trok-handel" dryf by die steenkoolmyn se netto faktuurprys van steenkool, behalwe smidskool en antrasiet, mag voeg, is 9d. per ton.

3. Alle pryse wat in paragraaf 1 hiervan genoem of aangegee word, sluit alto afleweringskostes in.

4. Vir die toepassing van hierdie kennisgewing—beteken „handelaar", ook 'n koper en distributeerder en 'n vereniging van kopers of distributeurs van steenkool; liet „trokhandel" betrekking op steenkool wat aan die koper gestuur word in die oorspronklike trok soos deur die steenkoolmyn gelaai.

5. Goewernementskennisgewings Nos. 114 van 1 April 1953 en 258 van 1 September 1953, betreffende die maksimum pryse van steenkool, word hierby herroep.

H. DE L. BURNHAM,

Pryscontroleur.

OPMERKING.—Die uitwerking van hierdie kennisgewing is om die maksimum prys van steenkool te verhoog vanweë die verhoogde spoorwegtariewe.

No. 272.]

[15 November 1954.

PRYSBEHEER.

MAKSIMUM PRYSE VAN NUWE MOTORVOERTUIE EN NUWE MOTORFIETSE.

Ek, Harry de Lacy Burnham, Pryscontroleur, handelende kragtens regulasie 3 van Oorlogsmatreël No. 49 van 1946, wysig hierby Goewernementskennisgewing No. 83 van 8 April 1954 (Maksimum Pryse van Nuwe Motorvoertuie en Nuwe Motorfietsse), soos gewysig by Goewernementskennisgewing No. 207 van 20 Augustus 1954—

- (1) deur onderstaande fabrikate en modelle by die Eerste bylae daarvan te voeg—

PART B.

TRUCKS AND COMMERCIAL VEHICLES.

Make and Description.

Make and Description.	£
Austin—	
Diesel model 5-ton S.W.B. tipper chassis with cab and two-speed rear axle	1,660
Diesel model 5-ton S.W.B. tipper chassis with cab and single speed rear axle	1,565
Dodge, Fargo De Soto—	
Petrol model 105A 5-ton chassis with cab	1,210
Diesel model 105AP6 5-ton chassis with cab	1,600
Diesel model 145AR6 7-ton chassis with cab	2,195
Morris—	
½-ton chassis with cab (in primer coat)	575

(2) by the substitution of the following price for the maximum price of the corresponding make and model in the aforesaid Schedule—

PART B.

TRUCKS AND COMMERCIAL VEHICLES.

Make and Description.

Make and Description.	£
Commer—	
A1511 15-cwt. pick-up	785
Dodge, Fargo De Soto—	
F6-153 3½-ton chassis and cab	1,062
G6-153 4-ton chassis and cab	1,078
H6-171 4½-ton chassis and cab	1,188
J6-171 5-ton chassis and cab	1,418
JA6-171 5-ton chassis and cab	1,450

H. DE L. BURNHAM,
Price Controller.

DEEL B.

VRAGWAENS EN HANDELSVOERTUIG.

Fabriek en beskrywing.

Fabriek en beskrywing.	£
Austin—	
Dieselmodel, 5 ton, met kort wielbasis, wiponderstel, kap en agteras-dubbelaandrywing	1,660
Dieselmodel, 5 ton, met kort wielbasis, wiponderstel, kap en agteras enkelaandrywing	1,565
Dodge, Fargo De Soto—	
Petrolmodel 105A, 5 ton-onderstel met kap	1,210
Dieselmodel 105AP6, 5 ton-onderstel met kap	1,600
Dieselmodel 145AR6, 7 ton-onderstel met kap	2,195
Morris—	
½ ton-onderstel met kap (met grondverf aangebring)	575

(2) deur onderstaande prys in die plek te stel van die maksimum prys van die ooreenstemmende fabriek en model in genoemde Bylae—

DEEL B.

VRAGWAENS EN HANDELSVOERTUIG.

Fabriek en beskrywing.

Fabriek en beskrywing.	£
Commer—	
A1511 15 sentenaar-oopbakwa	785
Dodge, Fargo De Soto—	
F6-153 3½ ton-onderstel met kap	1,062
G6-153 4 ton-onderstel met kap	1,078
H6-171 4½ ton-onderstel met kap	1,188
J6-171 5 ton-onderstel met kap	1,418
JA-171 5 ton-onderstel met kap	1,450

H. DE L. BURNHAM,
Prys-kontroleur.

No. 273.] [15th November, 1954.

PRICE CONTROL.

MAXIMUM PRICES OF NEW MOTOR VEHICLES AND NEW MOTOR CYCLES.

In terms of regulation 3 of War Measure No. 49 of 1946, I, Harry de Lacy Burnham, Price Controller, hereby amend Government Notice No. 83 of 8th April, 1954 (Maximum Prices of New Motor Vehicles and New Motor Cycles), as amended—

(1) by the addition of the following make and model of motor car to the First Schedule thereof:—

SCHEDULE.

PART A.—MOTOR CARS.

Make and Description.

Make and Description.	£
Citroen—	
Sedan, Big 15	1,099

(2) by the substitution of the items in the Schedule hereto for the corresponding items in Part A.—Motor Cars—of the aforesaid Schedule thereto:—

SCHEDULE.

PART A.—MOTOR CARS.

Make and Description.

Make and Description.	Maximum Price.
	£
Opel—	
Olympia Rekord, 2-door sedan	655
Kapitan sedan	930

H. DE L. BURNHAM,
Price Controller.

NOTE.—The purpose of this notice is to establish a maximum price for the Citroen "Big" 15 motor car and to incorporate a maximum price for the redesigned Kapitan motor car. The maximum prices of all other Opel motor vehicles remain unchanged.

No. 274.] [15th November, 1954.

PRICE CONTROL.

MAXIMUM PRICES OF NEW MOTOR VEHICLES AND NEW MOTOR CYCLES.

In terms of regulation 3 of War Measure No. 49 of 1946, I, Harry de Lacy Burnham, Price Controller, hereby amend Government Notice No. 83 of 8th April, 1954 (Maximum Prices of New Motor Vehicles and New Motor Cycles), as amended, by the substitution of the items in

No. 273.] [15 November 1954.

PRYSBEHEER.

MAKSIMUM PRYSE VAN NUWE MOTORVOERTUIG EN NUWE MOTORFIETSE.

Ek, Harry de Lacy Burnham, Prys-kontroleur, handelende kragtens regulasie 3 van Oorlogsmaatregel No. 49 van 1946, wysig hierby Goewermentskennisgewing No. 83 van 8 April 1954 (Maksimum Pryse van Nuwe Motorvoertuie en Nuwe Motorfietses), soos gewysig—

(1) deur onderstaande fabriek en model motorkar by die Eerste Bylae daarvan te voeg:—

BYLAE.

DEEL A.—MOTORKARRE.

Fabriek en Beskrywing.

Fabriek en Beskrywing.	£
Citroen—	
Sedan, groot 15	1,099

(2) deur die items in die Bylae hieraan in die plek te stel van die ooreenstemmende items in Deel A.—Motorkarre—van genoemde Bylae daarvan:—

BYLAE.

DEEL A.—MOTORKARRE.

Fabriek en Beskrywing.

Fabriek en Beskrywing.	Maksimum prys.
	£
Opel—	
Olympia Rekord, 2 deur-sedan	655
Kapitan-sedan	930

H. DE L. BURNHAM,
Prys-kontroleur.

OPMERKING.—Die doel van hierdie kennisgewing is om 'n maksimum prys vir die motorkar Citroen „Groot" 15 in te stel en om 'n maksimum prys vir die herontwerpte Kapitan-motorkar in te voeg. Die maksimum pryse vir alle ander Opel-motorvoertuie bly onveranderd.

No. 274.] [15 November 1954.

PRYSBEHEER.

MAKSIMUM PRYSE VAN NUWE MOTORVOERTUIG EN NUWE MOTORFIETSE.

Ek, Harry de Lacy Burnham, Prys-kontroleur, handelende kragtens regulasie 3 van Oorlogsmaatregel No. 49 van 1946, wysig hierby Goewermentskennisgewing No. 83 van 8 April 1954 (Maksimum Pryse van Nuwe Motorvoertuie en Nuwe Motorfietses), soos gewysig, deur die items in die

the Schedule hereto for the corresponding items in Part A—Motor Cars—and Part B—Trucks and Commercial Vehicles—of the First Schedule thereto:—

SCHEDULE.

PART A.—MOTOR CARS.

<i>Make and Description.</i>	<i>Maximum Price. £</i>
Ford—	
Popular	438
Anglia	528
Prefect	555
Consul sedan	654
Zephyr sedan	715
Mainline Fordor V8 sedan	1,025
Customline Fordor V8 sedan	1,054
Customline Fordor V8 sedan with automatic transmission	1,157
Mainline V8 Ranch Wagon	1,167

PART B.—TRUCKS AND COMMERCIAL VEHICLES.

<i>Make and Description.</i>	<i>Maximum Price. £</i>
Ford—	
V8, ¾-ton pick-up, 110-in. wheelbase	913
V8, ¾-ton panel van, 110-in. wheelbase	995
V8, 1½-ton Express, 130-in. wheelbase	1,006
V8, 1½-ton chassis with windshield, 130-in. wheelbase	854
V8, 3-ton chassis with cab, duals, 154-in. wheelbase	1,098
V8, 3-ton chassis with cab, singles, 154-in. wheelbase	1,100
V8, 5-ton chassis with cab, duals, 154-in. wheelbase	1,216
V8, 5-ton chassis with cab, duals, 172-in. wheelbase	1,256
10 cwt. pick-up	560
Sedan Delivery	975
Thames, 4 cylinder, 3-ton chassis with cab, duals, 128-in. wheelbase	847
Thames, Petrol Model, 3-ton chassis with cab, duals, 157-in. wheelbase	864
Thames, Diesel Model, 3-ton chassis with cab, duals, 128-in. wheelbase	958
Thames, Diesel Model, 3-ton chassis with cab, duals, 157-in. wheelbase	975

H. DE L. BURNHAM,

Price Controller.

NOTE.—The effect of this notice is to reduce the maximum prices of certain models of Ford motor cars and commercial vehicles and to establish maximum prices for four new models of commercial vehicles and to incorporate a maximum price for the redesigned PREFECT. The maximum prices of the remaining motor cars and commercial vehicles remain unchanged.

Bylne hiervan in die plek te stel van die ooreenstemmende items in Deel A—Motorkarre— en Deel B—Vragwaens en Handelsvoertuie— van die Eerste Bylae daarvan:—

BYLAE.

DEEL A.—MOTORKARRE.

<i>Fabrikaat en Beskrywing.</i>	<i>Maksimum prys. £</i>
Ford—	
Popular	438
Anglia	528
Prefect	555
Consul-sedan	654
Zephyr-sedan	715
Mainline Fordor V8-sedan	1,025
Customline Fordor V8-sedan	1,054
Customline Fordor V8 met outomatiese oorbringwerk	1,157
Mainline V8 Ranch Wagon	1,167

DEEL B.—VRAGWAENS EN HANDELSVOERTUIE.

<i>Fabrikaat en Beskrywing.</i>	<i>Maksimum prys. £</i>
Ford—	
V8, ¾-ton-oopbakwa, 110-dm.-wielbasis	913
V8, ¾-ton-paneelwa, 110-dm.-wielbasis	995
V8, 1½-ton-Express, 130-dm.-wielbasis	1,006
V8, 1½-ton-onderstel met windskerf, 130-dm.-wielbasis	854
V8, 3-ton-onderstel met kap, dubbelwiel, 154-dm.-wielbasis	1,098
V8, 3-ton-onderstel met kap, enkelwiel, 154-dm.-wielbasis	1,109
V8, 5-ton-onderstel met kap, dubbelwiel, 154-dm.-wielbasis	1,216
V8, 5-ton-onderstel met kap, dubbelwiel, 172-dm.-wielbasis	1,256
10-sentenaar-oopbakwa	560
Sedan-afleweringswa	975
Thames, 4-silinder, 3-ton-onderstel met kap, dubbelwiel, 128-dm.-wielbasis	817
Thames, Petrol-model, 3-ton-onderstel met kap, dubbelwiel, 157-dm.-wielbasis	861
Thames, Diesel-model, 3-ton-onderstel met kap, dubbelwiel, 128-dm.-wielbasis	958
Thames, Diesel-model, 3-ton-onderstel met kap, dubbelwiel, 157-dm.-wielbasis	975

H. DE L. BURNHAM,

Prys-kontroleur.

OPMERKING.—Die uitwerking van hierdie kennisgewing is om die maksimum prys van sekere modelle Ford-motorkarre en -handelsvoertuie te verminder en om maksimum prys vir vier nuwe modelle van handelsvoertuie vas te stel en om 'n maksimum prys vir die herontwerpte PREFECT in te voeg. Die maksimum prys van die oorblywende motorkarre en handelsvoertuie bly onveranderd.

No. 275.]

[15th November, 1954.

PRICE CONTROL.

MAXIMUM PRICES OF GROCERIES—CANNED ROCK LOBSTER.

In terms of regulation 3 of War Measure No. 49 of 1946, I, Harry de Lacy Burnham, Price Controller, hereby amend Government Notice No. 97 of 1st May, 1954 (Maximum Prices of Groceries), as amended, by the deletion of the words "excluding canned Rock Lobster" from Category 7 of the Fifth Schedule thereto.

H. DE L. BURNHAM,

Price Controller.

NOTE.—The effect of this notice is to restore price control on canned Rock Lobster, the maximum prices of which are determinable under Category No. 7—Fish, canned (S.A.)—of the Fifth Schedule to Government Notice No. 97 of 1st May, 1954.

No. 275.]

[15 November 1954.

PRYSBEHEER.

MAKSIMUM PRYSE VAN KRUIDENIERSWARE—INGEMAAKTE KREEP.

Ek, Harry de Lacy Burnham, Prys-kontroleur, hanteer die kragtens regulasie 3 van Oorlogsmaatregel No. 49 van 1946, wysig hierby Goewernementskennisgewing No. 97 van 1 Mei 1954 (Maksimum Pryse van Kruideniersware), soos gewysig, deur die woorde "uitsluitende ingemaakte kreef" in kategorie 7 van die Vyfde Bylae daarvan te skrap.

H. DE L. BURNHAM,

Prys-kontroleur.

OPMERKING.—Die uitwerking van hierdie kennisgewing is om die prys van ingemaakte kreef waarvan die maksimum prys onder kategorie 7—Vis, ingemaak (S.A.)—van die Vyfde Bylae van Goewernementskennisgewing No. 97 van 1 Mei 1954 bepaalbaar is, weer onder beheer te plaas.

No. 276.]

[15th November, 1954. No. 276.]

[15 November 1954.

PRICE CONTROL.

MAXIMUM PRICES OF CEMENT.

In terms of regulation 3 of War Measure No. 49 of 1946, I, Harry de Lacy Burnham, Price Controller, do hereby throughout South West Africa and the port and settlement of Walvisbaai:—

1. (1) Prohibit any person increasing the price, including any charge for transportation or delivery, charged by him for any cement of any type or description used or capable of being used for building purposes sold or delivered by him in pursuance of any sale, above the price ordinarily charged by him for similar cement sold or delivered by him during the month of August, 1954, plus five and one half penny per bag or container of 94 pounds nominal weight; and

(2) Fix the maximum price at which any person who did not sell or deliver any cement as aforementioned during the month of August, 1954, may sell any such cement or deliver such cement in pursuance of any sale at the price ordinarily charged for like cement during the said month of August, 1954, by the nearest person engaged during that month in the production or sale of like cement plus five and one half penny per bag or container of 94 pounds nominal weight.

2. Withdraw Government Notices Nos. 381 of 1st September, 1951, 259 of 1st September, 1953, and 77 of 1st April, 1954.

H. DE L. BURNHAM,
Price Controller.

NOTE.—The effect of this notice is to increase the existing maximum prices of cement by 5½d. per pocket by reason of the increased railrage rates.

No. 277.]

[15th November, 1954.

PRICE CONTROL.

MAXIMUM PRICES OF AGRICULTURAL IMPLEMENTS AND MACHINERY.

In terms of regulation 3 of War Measure No. 49 of 1946, I, Harry de Lacy Burnham, Price Controller, hereby amend Government Notice No. 50 of 15th March, 1954 (Maximum Prices of Agricultural Implements and Machinery and Spare Parts for Same) by the deletion of—

- (1) the words "and spare parts for same" in the heading thereof;
- (2) the words "or spare parts" in paragraph 5 thereof; and
- (3) Item 10 of the First Schedule thereto.

H. DE L. BURNHAM,
Price Controller.

NOTE.—The purpose of the notice is to place spare parts for agricultural implements and machinery in a separate notice.

No. 278.]

[15th November, 1954.

PRICE CONTROL.

MAXIMUM CHARGES FOR RETREADING OF TYRES AND MAXIMUM PRICES OF TYRE CASINGS (USED).

In terms of regulation 3 of War Measure No. 49 of 1946, I, Harry de Lacy Burnham, Price Controller, hereby amend Government Notice No. 130 of 15th June, 1954 (Maximum Charges for Retreading of Tyres and Maximum Prices of Tyre Casings (Used)), as amended, by—

- (1) the addition of the following new item under the heading B—Low Loader Tyres, in the First Schedule thereto, namely:—

900 × 15 £10 £12;

No. 277.]

[15 November 1954.

PRYSBEHEER.

MAKSIMUM PRYSE VAN LANDBOUGEREEDSKAP EN -MASJINERIE.

Ek, Harry de Lacy Burnham, Pryscontroleur, handelende kragtens regulasie 3 van Oorlogsmaatreël No. 49 van 1946, wysig hierby Goewermentskennisgewing No. 50 van 15 Maart 1954 (Maksimum Pryse van Landbougereedskap en -Masjinerie en Onderdele Daarvan) deur die skrappping van—

- (1) die woorde „en onderdele daarvan” in die opskrif daarvan;
- (2) die woorde „of onderdele” in paragraaf 5 daarvan; en
- (3) die 10de item in die Eerste Bylae daarvan.

II. DE L. BURNHAM,
Pryscontroleur.

OPMERKING.—Die doel hiervan is om onderdele van landbougereedskap en -masjinerie onder 'n aparte kennisgewing te plaas.

No. 278.]

[15 November 1954.

PRYSBEHEER.

MAKSIMUM VORDERINGS VIR DIE VERNUWING VAN BUITEBANDE EN DIE MAKSIMUM PRYSE VAN BUITEBANDE (GEBRUIKTE).

Ek, Harry de Lacy Burnham, Pryscontroleur, handelende kragtens regulasie 3 van Oorlogsmaatreël No. 49 van 1946, wysig hierby Goewermentskennisgewing No. 130 van 15 Junie 1954 (Maksimum Vorderings vir die Vernuwning van BuitEBANDE en die Maksimum Pryse van BuitEBANDE (gebruikte)) soos gewysig, deur—

- (1) die volgende nuwe item onder die opskrif B—Laepplatformsloopwagbnde—in die Eerste Bylae daarvan by te voeg:—

900 × 15 £10 £12;

- (2) the substitution of the size 1200 × 24 for the size 1125 × 24, under the heading D—Giant Tyres in the said First Schedule thereto.

H. DE L. BURNHAM,
Price Controller.

NOTE.—The effect of this notice is to introduce maximum prices for a new size of retreaded tyre, namely, 900 × 15 (Low Loader Type) and the substitution of a size 1200 × 24 under Giant Tyres for the existing size 1125 × 24.

- (2) die grootte 1200 × 24 in die plek van die grootte 1125 × 24 onder die opskrif D—Groot Buitebande—in die Eerste Bylae daarvan te stel.

H. DE L. BURNHAM,
Pryskontroleur.

OPMERKING.—Die uitwerking van hierdie kennisgewing is om die maksimum pryse vir 'n nuwe grootte van versoorde buitebande, naamlik 900 × 15 (Laaplatformsleepbande) vas te stel, en die grootte 1200 × 24 onder Groot Buitebande in die plek te stel van die bestaande grootte 1125 × 24.

No. 279.]

[15th November, 1954.

PRICE CONTROL.

MAXIMUM PRICES OF PHARMACEUTICAL PREPARATIONS (AMENDMENT No. 5).

In terms of regulation 3 of War Measure No. 49 of 1946, I, Harry de Lacy Burnham, Price Controller, do hereby:—

1. Substitute the prices specified in columns 1 and 2 of Part A of the Schedule hereto for the prices of the same goods specified in columns 1 and 2 respectively of the Schedule to Government Notice No. 69 of 1st April, 1954 (Maximum Prices of Pharmaceutical Preparations), as amended.

2. Add to the Schedule to the aforesaid notice the names of the preparations and the prices in respect thereof specified in Part B of the Schedule hereto.

3. Delete from the Schedule to the aforesaid notice the names of the preparations and the prices in respect thereof specified in Part C of the Schedule.

H. DE L. BURNHAM,
Price Controller.

NOTE.—The effect of this notice is to substitute the prices specified in Part A of the following Schedule for the previously gazetted prices of the articles in question, and to add and delete the prices specified in Parts B and C respectively.

SCHEDULE.

PART A.—ALTERATIONS TO THE SCHEDULE TO GOVERNMENT NOTICE No. 69 OF 1st APRIL, 1954, AS AMENDED.

	Column 1. Doz. s. d.	Column 2 Each. s. d.
Angiers Emulsion—		
Small	45 9	5 0
Large	78 9	8 9
Maclean (Alex)—		
Stomach powder, large	31 6	3 6

PART B.—ADDITIONS TO THE SCHEDULE TO GOVERNMENT NOTICE No. 69 OF 1st APRIL, 1954, AS AMENDED.

	Column 1. Doz. s. d.	Column 2 Each. s. d.
Eyegene Magnum	86 0	9 6
Karo Syrup (blue label), 2 lb.	26 0	3 0

PART C.—DELETION FROM THE SCHEDULE TO GOVERNMENT NOTICE No. 69 OF 1st APRIL, 1954, AS AMENDED.

	Column 1. Doz. s. d.	Column 2 Each. s. d.
Disprin tablets, 8's	3 6	1 0
Karo syrup—		
1 lb.	14 6	1 6
1½ lb.	22 0	2 6
2 lb.	26 0	3 0

No. 279.]

[15 November 1954.

PRYSBEHEER.

MAKSIMUM PRYSE VAN FARMASEUTIESE PREPARATE (WYSIGING No. 5).

Ek, Harry de Lacy Burnham, Pryskontroleur, handelende kragtens regulasie 3 van Oorlogsmaatreël No. 49 van 1946, bepaal hierby as volg:—

1. Die pryse in onderskeidelik kolomme 1 en 2 van Deel A van die Bylae hiervan gemeld, vervang die pryse van dieselfde goedere wat gemeld is in onderskeidelik kolomme 1 en 2 van die Bylae van Goewermentskennisgewing No. 69 van 1 April 1954 (Maksimum Pryse van Farmaseutiese Preparete), soos gewysig.

2. Die name van die preparete en die pryse daarvan wat in Deel B van die Bylae hiervan gemeld word, word toegevoeg aan die Bylae van voornoemde kennisgewing.

3. Die name van die preparete en die pryse daarvan wat in Deel C van die Bylae hiervan gemeld word, word uit die Bylae van voornoemde kennisgewing geskrap.

H. DE L. BURNHAM,
Pryskontroleur.

OPMERKING.—Die uitwerking van hierdie kennisgewing is om die pryse wat in Deel A van die Bylae van hierdie kennisgewing gepubliseer is, in die plek te stel van die pryse van die betrokke artikels wat voorheen gepubliseer is, en om die pryse wat in Deel B en C gepubliseer is, oonderskeidelik by te voeg en te skrap.

BYLAE.

DEEL A.—WYSIGINGS VAN DIE BYLAE AAN GOEWERMENTS-KENNISGEWING No. 69 VAN 1 APRIL 1954, SOOS GEWYSIG.

	Kolom 1. Dosyn. s. d.	Kolom 2. Elk. s. d.
Angier se emulsie—		
Klein	45 0	5 0
Groot	78 9	8 9
Maclean (Alex)—		
Maagpoecier, groot	31 6	3 6

DEEL B.—TOEVOEGINGS AAN DIE BYLAE VAN GOEWERMENTS-KENNISGEWING No. 69 VAN 1 APRIL 1954, SOOS GEWYSIG.

	Kolom 1. Dosyn. s. d.	Kolom 2. Elk. s. d.
Eyegene Magnum	86 0	9 6
Karo-stroop (blou etiket), 2 lb.	26 0	3 0

DEEL C.—SKRAPINGS UIT DIE BYLAE VAN GOEWERMENTS-KENNISGEWING No. 69 VAN 1 APRIL 1954, SOOS GEWYSIG.

	Kolom 1. Dosyn. s. d.	Kolom 2. Elk. s. d.
Disprin-tablette, 8's	8 6	1 0
Karo-stroop—		
1 lb.	14 6	1 6
1½ lb.	22 0	2 6
2 lb.	26 0	3 0

No. 280.]

[15th November, 1954.

No. 280.]

[15 November 1954.

PRICE CONTROL.

MAXIMUM PRICES OF BATTERIES (LEAD ACID TYPE) MANUFACTURED IN THE UNION.

In terms of regulation 3 of War Measure No. 49 of 1946, I, Harry de Lacy Burnham, Price Controller, hereby amend Government Notice No. 317 of 16th July, 1951 (Maximum Prices of Batteries (Lead Acid Type) Manufactured in the Union), as amended, by the addition of the following new items to the Schedule thereto:—

Description of Battery.	Column 1.	Column 2.	Column 3.
	£ s. d.	£ s. d.	£ s. d.
12-volt High Type—			
7 plate	6 18 0	8 3 0	9 12 0
12-volt Low Type—			
7 plate	6 10 0	7 13 0	8 18 0

H. DE L. BURNHAM,
Price Controller.

NOTE.—The effect of this notice is to introduce maximum prices for 12-Volt High and Low Type—7-plate Batteries.

PRYSBEHEER.

MAKSIMUM PRYSE VAN BATTERYE (LOODSUURTYPE) VERVAARDIG IN DIE UNIE.

Ek, Harry de Lacy Burnham, Pryscontroleur, handelende kragtens regulasie 3 van Oorlogsmatreël No. 49 van 1946, wysig hierby Goewermentskennisgewing No. 317 van 16 Julie 1951 (Maksimum Pryse van Batterie (loodsuurtype) vervaardig in die Unie), soos gewysig, deur onderstaande nuwe items by die Bylae daarvan te voeg:—

Beskriving van battery.	Kolom 1.	Kolom 2.	Kolom 3.
	£ s. d.	£ s. d.	£ s. d.
12 volt, hoë tipe—			
7 plaat	6 18 0	8 3 0	9 12 0
12 volt, lae tipe—			
7 plaat	6 10 0	7 13 0	8 18 0

H. DE L. BURNHAM,
Pryscontroleur.

OPMERKING.—Die doel van hierdie kennisgewing is om die maksimum pryse van batterye met 7 plate en van die 12-Volt Hoë en Lae Tipe vas te stel.

No. 281.]

[15th November, 1954.

No. 281.]

[15 November 1954.

The Administrator has been pleased, in terms of section 58 (2) of Ordinance No. 16 of 1930, to approve of the undermentioned fees for the state-aided hospital at Outjo:—

- A. ACCOMMODATION:
Semi-Private Wards—
Adults £1 1 0
per diem
Children under 12 years £0 12 6
per diem
- B. THEATRE FEES:
Major operation £2 2 0
Minor operation £1 1 0
- C. MATERNITY SECTION:
Confinement £1 1 0
Daily fee £1 1 0
- D. X-RAYS:
£1 5.0. per photo.

Full fees to be charged for anyone staying in the hospital to be with a patient (i.e. parent with child or vice versa).

Dit het die Administrateur behaag om, kragtens artikel 58 (2) van Ordonnansie 16 van 1930, die volgende looie by die Staats-ondersteunde Hospitaal te Outjo goed te keur:—

- A. AKKOMODASIE:
Semi-privatsaal—
Volwassene £1 1 0
per dag
Kind onder 12 jaar £0 12 6
per dag
- B. THEATERFOOIE:
Groter operasie £2 2 0
Kleiner operasie £1 1 0
- C. KRAAM-AFDELING:
Bevallings £1 1 0
Daglikse looi £1 1 0
- D. X-STRALE:
£1 5.0. per plaat.

Volle looie van toepassing vir enigiemand wat in die hospitaal woon om by 'n pasiënt te wees (d.w.s. ouer by kind of omgekeerd).

No. 282.]

[15th November, 1954.

No. 282.]

[15 November 1954.

REGULATIONS APPLICABLE TO THE SOCIETY OF SOUTH WEST AFRICAN FARMER-EMPLOYERS OF CONTRACTED NATIVES: AMENDMENT OF.

The Administrator has been pleased, under and by virtue of the powers in him vested by section fourteen of the Societies of Employers of Contracted Natives Ordinance, 1952 (Ordinance 48 of 1952), to amend the regulations contained in Government Notice 183, dated the 15th June, 1953, by:—

1. The substitution of the words "and accepts such nomination in writing," for the fullstop at the end of regulation 3.
2. The insertion in regulation 6 after the word "them" in the fifth line thereof of the words—
"declare invalid any voting paper not properly completed or in respect of which the requirements set out in the footnote to the voting paper appearing in Schedule "A" hereto have not been complied with".

REGULASIES OP DIE VERENIGING VAN SUIDWES-APRIKAANSE LOEREWENGEWERS VAN KONTRAK-INFOERLINC: WYSIGING VAN.

Dit het die Administrateur behaag om, kragtens en in gevolge die bevoegdheid aan hom verleen by artikel veertien van die Ordonnansie op Verenigings van Werkgewers van Kontrakbinboerlinge 1952 (O.donnansie 48 van 1952), die regulasies wat in Goewermentskennisgewing 183 van 15 Junie 1953 verskyn, te wysig:—

1. Deur die punt aan die slot van regulasie 3 te vervang deur die woorde— "en teus hy soaninge he-nnoeming skriftelek aanvaar."
2. Deur in regulasie 6, na die woord „bekyk" in die sesde reël daarvan, die volgende woorde in te voeg:— „elke stembrief ongeldig verklaar wat nie behoortlik voltooi is nie, of ten opsigte waarvan die vereistes onderaan die stembrief (in bylaag „A" hiervan) verontsaam is."

No. 283.]

[15th November, 1954.

No. 283.]

[15 November 1954.

UKUANYAMA THIBE TRUST FUND.
ALTERATION OF ANNUAL RATE.

Notice is hereby given that the Administrator has been pleased under the powers conferred upon him by section three of the Ovambo Land Affairs Proclamation, 1929 (Proclamation 27 of 1929), as amended by Proclamations 26 of 1930, 38 of 1940, 15 of 1941 and 52 of 1950, to alter the

UKUANYAMASTAM-TRUSTFONDS.

WYSIGING VAN JAARLIKSE BELASTING.

Kennisgewing geskied hierby dat dit die Administrateur behaag het om kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel drie van die „Ovamolandse Aangeleenthede Proklamasie 1929" (Proklamasie 27 van 1929), soos gewysig by Proklamasies 26 van 1930, 38 van 1940, 15 van 1941 en

amount of the annual rate mentioned in Government Notice 229 dated the 15th September, 1954, in respect of the Ukanyama Tribe, from seven shillings and sixpence to ten shillings with effect from the first day of January, 1955.

No. 284.]

[15th November, 1954.

NATIVE RESERVE BOARD: KRANTZPLATZ NATIVE RESERVE: GIBEON.

The Administrator has been pleased, in terms of section four of the Native Reserve Trust Funds Administration Proclamation, 1924 (No. 9 of 1924), to appoint the following persons as members of the Reserve Board for the Krantzplatz Native Reserve in the district of Gibeon:—

Jakob Claassen in the place of Salmon Witbooi, deceased, and
Salmon Jakob, in the place of Frans Kariseb, resigned.

No. 285.]

[15th November, 1954.

BONDELS NATIVE RESERVE REGULATIONS.

The Administrator has been pleased, in terms of section six of the Native Reserves Trust Funds Administration Proclamation, 1924 (Proclamation No. 9 of 1924), as amended by section twenty-six of the Native Administration Proclamation, 1928 (Proclamation No. 15 of 1928), and by section two of the Native Reserves Trust Funds Amendment Proclamation, 1936 (Proclamation No. 21 of 1936), to approve of the substitution with effect from the 1st January, 1955, of the following schedule for that contained in Government Notice No. 136 of 1939 as amended by Government Notice No. 354 of 1951, the schedule hereunder having been approved by the adoption of a resolution by a majority at a representative meeting of the adult native males resident or possession substantial interests in the Bondels Reserve, duly convened after adequate notice at the instance of the Native Commissioner of Karasburg:—

SCHEDULE.

AMENDED TARIFF OF GRAZING FEES PAYABLE IN BONDELS RESERVE AS AND FROM THE 1st JANUARY, 1955.

LARGE STOCK, including donkeys, but excluding unweaned calves and foals:—

From 1 to 100: 4d. per head per month.
From 101 upwards: 6d. per head per month.

No resident shall graze or keep more than six donkeys in the Reserve without the special permission of the Native Commissioner of the district, who in his discretion may allow such additional donkeys to be grazed and kept at the abovementioned tariff, as he is satisfied are genuinely required for transport work.

No resident shall graze or keep more than one hundred head of large stock (which shall include donkeys) in the Reserve without the special permission of the Administrator.

SMALL STOCK, excluding lambs and kids under six months:—

From 1 to 300: 2d. per lot of 5 or part thereof.
From 301 upwards: 2d. per lot of 4 or part thereof.

No resident shall graze or keep more than 800 head of small stock in the Reserve without the special permission of the Administrator.

No. 286.]

[15th November, 1954.

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers in him vested by sub-section (4) of Section four and Section five of the Post Office Administration Proclamation, 1931 (Proclamation No. 15 of 1931) to approve the following additions and amendments made by the Director of Posts and Telegraphs to the Postal Regulations appearing in Government Notice No. 72, dated 16th March, 1949, as amended by Government Notice No. 210, dated 15th July, 1953, which will have effect from the 1st November, 1954.

